

Die skepping en die sondeval



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Genesis 1:26, 27; 1 Johannes 4:7, 8, 16; Genesis 3:16-19 en hfst. 11:1-9; Galasiërs 3:29; Deuteronomium 7:6-11.

Geheueteks:

“Toe het die Here vir Abram buitentoe laat gaan en vir hom gesê: ‘Kyk op na die hemel en tel die sterre as jy kan.’ Verder sê die Here vir hom: ‘So baie sal jou nageslag wees. Abram het toe in die Here geglo, en die Here het dit goedgevind dat Abram so volgens die wil van die Here gehandel het’ (Genesis 15:5, 6, NAB).

Die verhaal van God en sy volk begin by die skepping van Adam en Eva, gevolg deur die uiters tragiese sondeval. As ’n mens enigsins wil verstaan wat eenheid in die kerk behels, moet jy by die skepping begin. Daar sien jy God se oorspronklike plan vir die mens, gevolg deur ons behoefte aan herstel na die sondeval. Die eerste paar hoofstukke in die Bybel toon God se wense vir die mensdom – naamlik dat ons ’n enkele gesin moet wees. Ongelukkig is daardie bande van broeder- en susterskap deur die sonderamp verbreek. Dit is sonde wat verdeeldheid in die hand werk, en is nog een van ongehoorsaamheid se nare nare gevolge. ’n Mens kry ook ’n voorskyn van die tipe onenigheid wat sonde bring. Kyk net na die interaksie tussen Adam en Eva, toe God hulle na die eet van die verbode vrugte nader (lees Gen. 3:11). Van die menige dinge wat die verlossingsplan vermag, is die herstel van dié oorspronklike eenheid van kardinale belang. Abraham – die stamvader van God se volk, van sy kinders – speel ’n sleutelrol in daardie verlossingsplan. Abraham is die vergestaltung van ’n “geloof [wat] tot geregtigheid gereken [word]” – dít is hoe die Bybel hom uitbeeld (lees Rom. 4:1-5). Dit is ook dan die soort geloof wat kinders van die Here onderling, en ook in boesemvriendskap met God, saambind. Die Here werk deur die lede om eenheid in die kerk te bring, en ook om sy wil aan die verlore mensdom bekend te maak.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 6 Oktober.*

Die liefde as grondslag vir eenheid

Dit blyk duidelik uit die skeppingsverhaal in Genesis 1 en 2 dat harmonie tussen alles en almal na afloop van die skeppingsweek geheers het. God het selfs gesê dat alles “baie goed” was (Gen. 1:31) – maar nie net in terme van uiterlike skoonheid nie. Dit was ook goed omdat daar, na afloop van die grondlegging van die wêreld en die mens wat dit moes bevolk, nie die geringste bietjie boosheid of tweespalt op aarde was nie. Die Here se oorspronklike doel met die skepping sluit die vredevolle saambestaan en interafhanklikheid van alle lewensvorme in. Dit was ’n pragtige wêreld, spesiaal geskep vir die mens as gesinseenheid. Alles was volmaak en lonend en waardevol vir die Skepper. Harmonie, eenheid en liefde was God se groot droom vir die aarde en al sy bewoners.

Lees Genesis 1:26, 27. Wat leer ons uit hierdie verse oor die uniekheid van die mens, in teenstelling met die res van die skepping waarvan ons in Genesis 1 en 2 lees?

Genesis sê dat God die mens na sy beeld geskape het – iets wat nie oor ander lewende wesens in die Genesis-skeppingsverhaal gesê word nie. “En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis... En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape, man en vrou het Hy hulle geskape” (Gen. 1:26, 27; OAB). Hoewel teoloë al eeue lank die presiese aard van daardie beeld (of gelykenis) betwis – en daarmee saam, die aard en wese van God Self - is daar baie skrifgedeeltes wat sê dat God die toonbeeld en vergestaltung van liefde is.

Lees 1 Johannes 4:7, 8, 16. As watter soort wesens is ons oorspronklik geskape en watter uitwerking het dit op die eenheid en harmonie wat op die nuutgeskepte aarde geheers het, gehad? Gebruik die skrifgedeeltes in jou antwoord.

God is liefde. Dit is iets wat Hy ook aan die mens geskenk het. Wat meer is, ons kan liefhê op maniere waartoe die res van die aardse skepping nie in staat is nie. Dit onderstreep iets belangriks: Dat die vermoë om lief te hê ongetwyfeld deel van die voorreg is om na God se beeld geskape te wees. Tog bestaan liefde nie in afsondering nie, dit noodsaak ’n band met ander. Om na die beeld van God geskape te wees – ’n gawe wat so baie dinge behels – beteken dus dat ’n mens ander graag wil liefhê, en boonop op ’n innige wyse.

Die gevolge van die sondeval

Die sondeval het 'n byna oneindige kettingreaksie ontketen. Met Adam en Eva se ongehoorsaamheid het die harmonieuse interafhanklikheid tussen alle lewensvorme begin vou. Om alles te kroon, het dit botsings, onmin, en verdeeldheid tussen mense gebring – probleme waarmee ons nou nog te kampe het. Daardie skeuring tussen mens en medemens het sommer dadelik na die sondeval begin kop uitsteek – kyk net hoe Adam, en daarna Eva, die blaam vir hul sonde mooitjies op ander probeer afskuiwe (Gen. 3:12, 13). Sulke skeuring en blamering is deesdae 'n duisend maal erger.

Lees Genesis 3:16-19 en Genesis 4:1-15. Wat sê hierdie skrifgedeeltes vir ons oor die gevolge van sonde? Watter uitwerking het dit op God se skepping – op 'n wêreld van eendrag - gehad?

Die hartseer en seerkry wat later die ganse skepping sou oorneem, het by Adam en sy ongehoorsaamheid begin. Die natuur het onder die gevolge van sonde begin ly. Die band tussen mens en medemens het ook begin meegee. Kain en Abel, wat eens op 'n tyd mekaar liefgehad en gekoester het, het uiteindelik van mekaar vervreemd geraak, en dit omdat die een nie God se se aanbiddingsvoorskrifte wou volg nie, maar eerder sy eie kop. Daardie vervreemding het later in geweld en moord ontaard. Hoewel Abel dit moes ontgeld het, was Kain se woede eintlik teen God gerig (Gen. 4:5). Abel was die spreekwoordelike “onskuldigte omstander,” die een wat deur die “dwaalkoeël” getref is. Die verwoesting wat ongehoorsaamheid tussen mens en medemens saai, ken duidelik geen einde nie. “Toe die Here sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die Here berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in sy hart” (Gen. 6:5, 6; OAB). Daardie boosheid het uiteindelik die sondvloed veroorsaak, 'n gebeurtenis waarin God se oorspronklike skepping byna totaal uitgewis is. Tog het die Here nie tou op gegooi met die mensdom nie. Hy het toegelaat dat 'n oorblyfseltjie oorleef. Noag en sy gesin was ons tweede begin. Na die sondvloed skenk die Here ook 'n belofte aan Noag en sy gesin. Die reënboog dien as gedenkteken dat Hy sy beloftes sal nakom en na sy kinders sal omsien, dat Hy hulle met genade en barmhartigheid sal behandel (Gen. 9:12-17, Isa. 54:7-10). By daardie geleentheid het God 'n verbond met Noag gesluit, 'n herproklamering van sy oorspronklike wil vir die mens – naamlik dat die mensdom 'n hegte gesin moet wees, waar eengesindheid heers en waar ons ons vertrou in God en sy Woord moet stel.

Op watter maniere bring sonde verdeeldheid in die menslike gesin? Dink 'n bietjie aan die mense om jou, diegene op wie jou keuses en optrede 'n bepaalde invloed het. Watter besluite kan jy vandag neem ten einde 'n gees van eengesindheid by daardie persone aan te wakker?

Nog skeiding en verdeelheid

Lees Genesis 11:1-9. Wat gebeur in hierdie skrifgedeelte wat toon dat skeiding en verdeelheid by die destydse mens toegeneem het?

Wat volg op die vloed? In die Bybel lees ons dat Noag se nasate aan die toring van Babel begin bou. Die mens was toe nog aantalig. Daarna bring die Here 'n taalverwarring mee, met die gevolg dat die mense van destyds oor die aarde verstrooid raak. Miskien het die skoonheid van die landstreek tussen die Eufraat- en Tigrisriviere, en ook die vrugbaarheid van die grond, party van Noag se nasate bekoor. Hoe dit ook al sy, hulle het soontoe getrek en 'n stad daar gebou, waarna hulle met die oprig van 'n geweldige hoë toring begin. Die Bybel sê dit was in Sinar, oftewel in die hedendaagse Irak (Gen. 11:2). Argeoloë het bevind dat Mesopotamië 'n digbevolkte gebied in die ou wêreld was. Een van die nasies uit daardie gebied, die Sumeriërs, was waarskynlik die eerste mense om op kleitablette te skryf. Die Sumeriërs het stewige huise gebou en was ook meestervakmanne – hulle het die mooiste juweliersware, handgereedskap en huishoudelike gebruiksartikels gemaak. Uitgrawings het ook heel aantal toringagtige strukture aan die lig gebring, wat ter ere van verskeie gode opgerig is.

Kort voor lank het die afstammeling van Noag wat hulle in Sinar gaan vestig het, van God vergeet, ook van sy beloftes om nooit weer die wêreld met 'n vloed te vernietig nie. Die toring van Babel was dus 'n soort huldeblyk aan daardie nasie se superieure wysheid en vernuf. Die soeke na aansien en reputasie was een van die redes vir die bou van die toring – “ons maak so vir ons 'n naam” (Gen. 11:4, NAB) “God het dit so beskik dat die mens deur die aanbidding van die lewende God saamgebind moes word. Toe afgodery en politeïsme daardie onderlinge geloofsband verbreek het, het die mens nie net eenheid van geloof nie, maar ook die gees van broeder- [en susterskap] verloor. Die bou van 'n toring, as uiterlike simbool van 'n samehörigheid wat in die hart van die mens ontbreek het, was 'n gedoemde projek” (Die SDA Bible Commentary, vol. 1, bl. 284, 285). Die val van Adam en Eva het die eenheid tussen mens en medemens, en ook God se oorspronklike drome vir die mens, in die wiele gery. Dit het ook aaklige gevolge gehad: Verwarring oor wie God is en hoe Hy aanbid behoort te word; die wêreldwye verspreiding van boosheid en bandeloosheid; en uiteindelik, die versplintering van die mensdom in 'n magdom uiteenlopende kulture, tale en rasse wat duisende jare later steeds sou kop stamp.

In die wêreld – en soms ook in die kerk – bring tweespalt tussen rassegroepe, kulture en taalgemeenskappe groot pyn. Watter praktiese stappe kan ons doen om genesing tussen mens en medemens te bring.

Abraham, die vader van God se volk

Die drie groot monoteïstiese gelowe en wêreldgodsdienste – die Christelike geloof, Judaïsme en Islam – beskou Abraham as hul stamvader. Vir die Christen is daardie vaderskap ’n geestelike verwantskap. Toe die Here Abraham geroep het om sy geboorteplek in Mesopotamië te verlaat, was dit met dié belofte: “In jou sal al die volke van die aarde geseën wees” (Gen. 12:3, NAB; lees ook Gen. 18:18, 22:18). Daardie seëning ontvang die wêreld deur Jesus Christus.

Lees Hebreërs 11:8–19, Romeine 4:1–3 en Galasiërs 3:29. Van watter aspekte van Abraham se geloof maak hierdie skrifgedeeltes melding? Hoe hou dit verband met die eenheid wat onder gelowiges moet heers? Met ander woorde: Hoe help hierdie teksverse ’n mens om eenheid onder gelowiges te bewerkstellig? Wat is die deurslaggewende faktor vir die skep van eenheid?

By Vader Abraham kan ons ’n paar belangrike grondbeginsels leer, dié wat ons wys om eenheid onder gelowiges tot stand te bring. Let eerstens op sy gehoorsaamheid. “Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as ’n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom” (Heb. 11:8, OAB). Tweedens het hy hoop uit God se beloftes geput. “Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in ’n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte. Want hy het die stad verag wat fundamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is” (Heb. 11:9, 10; OAB). Derdens het hy geglo dat God hom ’n seun sou gee en dat sy afstammeling eendag so talryk soos die sterre sou wees. Op grond van sy opregte geloof het die Here hom dit as geregtigheid toegereken (Rom. 4:1–3). Vierdens het hy op God en sy verlossingsplan vertrou. Die grootste toets waaraan Abraham se geloof onderwerp is, was toe God hom gevra het om sy seun Isak op Moria te offer (Gen. 22:1–19, Heb. 11:17–19). Die Ou Testament beskryf Abraham as God se vriend (2 Kron. 20:7, Jes. 41:8). Sy diep geloof, sy onwrikbare gehoorsaamheid, asook die geloofsekerheid wat hy uit God se beloftes geput het – al hierdie dinge maak van hom ’n uitstekende rolmodel vir die moderne Christen.

Let nou ’n paar dae lank op die dinge wat jy sê en doen. Hoe kan ’n mens seker maak dat jou woorde en dade jou geloof op ’n sigbare wyse weerspieël?

God se uitverkore volk

Deur Abraham se roeping kies die Here 'n volk wat Hom op aarde verteenwoordig. Die roeping en uitverkiesing van God se kinders toon die liefde en genade van die Here. Sy verbond met Israel vorm die middelpunt van sy herstelprogram, om die mens weer heel te maak na die verwoesting en onenigheid wat die sondeval meegebring het. Die Bybelse uiteensetting van die geskiedenis handel juis oor God se pogings ten bate van die mens, met die verkiesing van Israel as verbondsvolk as hoofkomponent van daardie herstelprogram.

Wat sê Deuteronomium 7:6–11, waartoe het God Israel geroep? Hoekom het Hy die nasate van Abraham sy uitverkore volk gemaak?

Aan die kern van Israel se roeping as uitverkore volk lê God se groot liefde vir die mens. Die Here sluit 'n verbond met Abraham en sy nasate sodat hulle die kennis oor God aktief kan bewaar en uiteindelik die redding van die mensdom kan bewerkstellig (Ps. 67:2). Daardie uitverkiesing is sy hoogste liefdesblyk aan Israel. Tog het hulle niks gehad om op te roem nie, niks om hulle by God aan te beveel nie. “Die Here het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke” (Deut. 7:7, OAB). Die kriteria wat God gebruik, druis egter teen die samelewing se waardes in. Terwyl die mens na dinge soos mag, wysheid en selfvertroue in die soeke na leierskap kyk, kies God nie dié met mag en krag om Hom te dien nie; maar diegene wat hul swakhede, dwaasheid en nietigheid besef en bely, sodat niemand voor die Here kan spog nie (1 Kor. 1:26–31). Let egter op die groot voorreg wat Israel te beurt val: “God wou hê dat sy volk groot hoogtes in Hom moes bereik. Hulle het al die geestelike middele tot hul beskikking gehad. Nie 'n enkele geleentheid wat hulle karakter-gewys in ambassadeurs vir God kon omskep het, is hulle ontsê nie. “Hulle was veronderstel om die nasies tot voorbeeld te wees – om te toon dat gehoorsaamheid aan God se wet tot ongekende voorspoed lei. Die een wat hulle die nodige insig en vaardigheid vir noukeurige take kon gee, was bereid om hul leermeester te bly. Deur gehoorsaamheid aan God se wet sou Hy hulle veredel en 'n hoër strewe gee... Deur gehoorsaamheid te kies, kon hulle die kwale vrysprong waardeur die ander nasies so geteister is. Met helderheid van verstand sou die Here hulle geseën het. Hul voorspoed moes getuig van die heerlikheid van God, van sy mag en majesteit. 'n Koninkryk van priesters en prinse is wat hulle moes wees. Grootshid was in Israel se bereik. Al die vermoëns ter verwesenliking daarvan het die Here binne hulle bereik geplaas” (Ellen G. White, *Christ's Object Lessons*, bl. 288).

In watter opsigte stem die volgende drie gebeurtenisse ooreen: Die dinge wat God deur Israel van ouds vermag het, sy teenswoordige roeping van die Christen-gelowige, en ook waartoe Hy ons as Sewendedag-Adventiste roep? Onthou om jou antwoorde klas toe te neem vir bespreking.

Vir verdere studie:

Ellen G. White, “The Creation,” bl. 44–51, en “The Call of Abraham,” bl. 125–131, in *Patriarchs and Prophets*. God se oorspronklike doelstellings vir die kroon van sy skepping – die mens – blyk duidelik uit twee instelling: Die gesin as ’n hegte eenheid (Gen. 2:21–24) en die Sabbat. Die Sabbat was en is aan die ganse mensdom geskenk, soos Jesus dit onomwonde in Markus 2:27 en 28 stel. Om die waarheid te sê, die wêreldomvattende aard van die Sabbatdag is reeds sigbaar in die skeppingsverhaal in Genesis, toe God die sewende dag opsygesit het. Daardie gebeurtenis strek verder terug as die roeping van Israel as verbondsvolk. Dit neem ons na God se skepping voor die sondeval. Die Sabbat kon dus die mensdom op ’n kragtige wyswe verenig het, as almal net daarby wou hou. Dit was God se rusdag, geskep met die doel om die afstammeling van Adam en Eva daaraan te herinner dat hulle in Christus, en ook onderling, een was en steeds is. “Beide die Sabbat en die gesinseenheid het in Eden ontstaan, en in die Godsplan vorm die twee ’n hegte en onafskeidbare eenheid. Op daardie dag het ons die geleentheid om die lewe te smaak soos dit in Eden was - meer so as met die ander dae. God het dit so beskik dat die lede van die gesin in ’n gees van samehorigheid moet saamwerk en saam studeer, dat hulle in aanbidding en ontspanning moet saam wees – die pa as priester van die huishouding, en albei ouers as onderwysers en bondgenote vir hul kinders” (Ellen G. White, *Child Guidance*, bl. 535).

Vrae vir bespreking:

1. Eva is geskape uit ’n deel van Adam wat uit sy geneem is. Hoe toon dit die hegte en intieme band wat veronderstel is om tussen ’n vrou en haar man te wees? ’n Mens sien ook regdeur die Skrif dat God die intieme verhouding tussen ’n man en vrou as simbool gebruik. Daarmee versinnebeeld Hy die hegte band wat Hy vir die band tussen Hom en kinders begeer. Hoe sluit dit aan by die wyse waarop Eva geskape is, en wat leer ons daaruit?
2. Die verhaal oor die toring van Babel dui daarop dat etniese en taaldiversiteit nie deel van God se oorspronklike plan was nie. Nou dat ons dit wel het, is die vraag net: Hoe gemaak om sulke verskille te oorbrug? Hoe kan die kerk eenheid en harmonie bewerkstelling; ten spyte van die skeidsmure wat ras, taal en kultuur bring?
3. In watter opsigte stem die roeping van Israel van ouds met ons roeping as Sewendedag-Adventiste ooreen? Meer belangrik, watter lesse put ons uit daardie ooreenkomste sodat ons aan ons hoër roeping in Christus Jesus getrou kan bly?

Opsomming: Die nuutgeskape mens was veronderstel om ’n gesin te wees. Ons moes een wees en in harmonie saamleef. Ongelukkigheid het die ongehoorsaamheid van ons stamouers die Godsplan ontwig. Gelukkig roep die Here vir Abraham. So bring Hy dan letterlike en later ook geestelike Israel tot stand, ’n verbondsvolk deur wie Hy die hoop op herstel deur Jesus Christus – en deur Hom alleen – lewend hou.